

5. SOSIO-EKONOMIESE KENMERKE VAN DIE BEVOLKING

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die sosio-ekonomiese kenmerke van die bevolking van die studiegebied. Die kenmerke waarna verwys word is die volgende: Blanke behuising; die ouderdom van die geboue; onderwyspeil; beroepstruktuur; inkomste; huwelikstatus; aard van die vorige woonplek; korttermyn bewegingspatrone; vryetydsbesteding en reistyd na die sentrale dorpsgebied.

5.2 BLANKE BEHUISING

Tabel 5.1 is 'n opsomming van die aantal kleinhoewes en kleinplasiae in die studiegebied wat bewoon word. Tabel 5.2 is 'n uiteensetting van die aantal kleinhoewes en kleinplasiae van elke individuele kleinhoewe- en kleinplasiaegebied.

TABEL 5.1 AANTAL BEWOONDE KLEINHOEWES EN KLEINPLASIES

	KLEINHOEWES		KLEINPLASIES		TOTAAL	
	GETAL	%	GETAL	%	GETAL	%
Onbewoon	355	32,1	99	39,9	454	33,6
Bewoon	750	67,9	149	60,1	899	66,4
Totaal	1105	100,0	248	100,0	1353	100,0

Bron: VEREENIGING-MUNISIPALITEIT, 1985.

Uit tabel 5.1 blyk dit dat ongeveer twee derdes van die kleinhoewes en kleinplasiae bewoon word en dat 'n derde onbewoon is.

Die dorpsbeplanningskema van die munisipaliteit van Vereeniging en die titelaktes van die kleinhoewes, bepaal dat slegs een woonhuis per kleinhoewe of kleinplasiae in die munisipale gebied van Vereeniging toegelaat word. Tans is die stadsraad besig om die dorpsbeplanningskema te wysig, sodat meer as een wooneenheid op elke kleinhoewe of klein-

plasie opgerig kan word, sonder om die grond onder te verdeel (Vereeniging-Munisipaliteit, 1986). In hoofstuk sewe word meer aandag hieraan geskenk.

TABEL 5.2 AANTAL BEWOONDE EENHEDE IN DIE INDIVIDUELE KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIEDE

	BEWOON		ONBEWOON		TOTAAL	
	GETAL	%	GETAL	%	GETAL	%
KLEINHOEWEGEBIED:						
Annaton	11	45,8	13	54,2	24	100,0
Dreamlands	31	18,6	136	81,4	167	100,0
Ebenhaezerpark	3	25,0	9	75,0	12	100,0
Glendonald	84	70,6	35	29,4	119	100,0
Harmoniesrus	21	87,5	3	12,5	24	100,0
Houtkop	23	51,1	22	48,9	45	100,0
Lenteland	25	49,0	26	51,0	51	100,0
Roods Gardens	89	93,7	6	6,3	95	100,0
Steelview	10	55,6	8	44,6	18	100,0
Unitaspark	364	98,1	7	1,9	371	100,0
Vandermerweskroon	40	71,4	16	28,6	56	100,0
Waterdal	49	39,8	74	60,2	123	100,0
Totaal	750	67,9	355	32,1	1105	100,0
KLEINPLASIEGEBIED:						
Helenasrust	40	61,5	25	38,5	65	100,0
Houtkop	44	60,3	29	39,7	73	100,0
Klipplaatdrift	2	7,4	25	92,6	27	100,0
McKay	31	86,1	5	13,9	36	100,0
Risi	23	65,7	12	34,3	35	100,0
Vaalkop	9	75,0	3	25,0	12	100,0
Totaal	149	60,1	99	39,1	248	100,0

Bron: VEREENIGING-MUNISIPALITEIT, 1985.

In die studiegebied word egter op sommige kleinhoewes reeds meer as een wooneenheid aangetref. Volgens die stadsraad is dit baie moeilik om die aantal wooneenhede per kleinhoewe te beheer. In sommige gevalle word 'n nuwe woonhuis op die kleinhoewe gebou, maar die ou huis wat gesloop moes word of as 'n stoor gebruik sou word, word nog steeds vir residensie

gebruik. In so 'n geval word die ou woonhuis verhuur as 'n woonplek en 'n ekstra inkomste word verdien. Planne moet vir nuwe wooneenhede ingedien word, maar dikwels verskil die voltooide gebou van die plan wat ingedien is (Vereeniging-Munisipaliteit, 1986).

Uit tabel 5.2 blyk dit dat die twee oudste kleinhoewegebiede (vergelyk tabel 3.8) naamlik Unitaspark (1,9 persent) en Roods Gardens (6,3 persent), oor baie min onbewoonde eenhede beskik, in teenstelling met Ebenhaezerpark (75 persent), Dreamlands en Klipplaatdrift (92,6 persent) wat grootliks onbewoon is. Annaton, Houtkop, Lenteland, Steelview en Waterdal toon 'n gemiddelde besetting met nog baie onbeboude hoewes.

5.3 OUDERDOM VAN GEBOUE

Die ouderdom van die wooneenhede en die landbougeboue op kleinhoewes en kleinplasies weerspieël in 'n groot mate òf vooruitgang òf stagnasie van die kleinhoewe- of kleinplasiaegebiede. Tabel 5.3 is 'n uiteensetting van die ouderdomme van die Blanke wooneenhede en landbougeboue in die studiegebied.

In tabel 5.3 is die mees opvallende kenmerk die groot persentasie wooneenhede sowel as landbougeboue wat in die ouderdomskategorie van 20 jaar en ouer val. Bogenoemde kan toegeskryf word aan die feit dat van die kleinhoewes in die munisipale gebied van Vereeniging reeds van 1934 af bestaan (vergelyk tabel 3.8).

Wat verder opvallend is, is dat die ouderdomme van wooneenhede en landbougeboue persentasiegewys nie veel van mekaar verskil nie. Hierdie verskynsel dui daarop dat residensie en boerdery op dieselfde stadium by die meerderheid hoewes posgevat het.

In die Unitasparkkleinhoewegebied is daar 'n hoë korrelasie tussen die ouderdom van die wooneenhede en dié van die landbougeboue. Ongeveer 43,7 persent van die wooneenhede

TABEL 5.3 OUDERDOM VAN WOONEENHEDE EN LANDBOUWBOUW

KLEINHOEW- OF KLEINPLASIEGEBIED	WOONEENHEDE					LANDBOUWBOUW				
	AANTAL JARE AS % PERSENTASIE					AANTAL JARE AS % PERSENTASIE				
	1-5	6-10	11-15	16-20	21+	1-5	6-10	11-15	16-20	21+
Annaton	20,0	-	-	20,0	60,0	20,0	-	-	20,0	60,0
Dreamlands	38,1	14,3	23,8	19,0	4,8	42,2	21,0	21,0	15,8	-
Ebenhaezerpark	-	-	33,3	33,3	33,3	-	-	-	33,3	66,7
Glendonald	21,5	20,0	25,7	25,7	7,1	24,2	22,7	22,7	22,7	7,7
Harmoniesrus	41,7	33,3	25,0	-	-	41,7	33,3	25,0	-	-
Helenasrust	-	12,0	24,0	20,0	44,0	-	8,3	29,2	20,8	41,7
Houtkop	6,7	6,7	20,0	13,3	53,3	5,3	7,9	10,5	21,0	55,3
Klipplaatdrift	100,0	-	-	-	-	100,0	-	-	-	-
Lenteland	-	23,0	30,8	30,8	15,4	-	25,0	41,6	16,7	16,7
McKay	-	8,7	17,4	43,5	30,4	9,5	-	23,8	42,9	23,8
Risi	11,1	16,7	22,2	33,3	16,7	22,2	16,7	16,7	33,3	11,1
Roods Gardens	-	-	8,3	19,5	72,2	2,9	5,7	8,6	14,3	68,5
Steelview	-	-	16,7	16,7	66,6	-	-	16,7	16,7	66,6
Unitaspark	9,6	10,4	17,8	18,5	43,7	5,5	13,5	19,0	18,3	43,7
Vandermerweskrone	35,0	30,0	20,0	15,0	-	35,0	35,0	15,0	15,0	-
Waterdal	-	13,8	6,9	51,7	27,6	-	10,7	10,7	42,9	35,7
Gemiddeld vir Studegebied	12,1	12,7	19,0	22,9	33,3	12,6	14,5	18,4	21,6	32,9

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

sowel as van die landbougeboue is ouer as 21 jaar. 65,8 Persent van die wooneenhede en 65,6 persent van die landbougeboue is ouer as 16 jaar terwyl slegs 9,6 persent van die wooneenhede en 5,5 persent van die landbougeboue jonger as 5 jaar is. Uit tabel 5.3 blyk dit uit die min nuwe geboue dat die Unitasparkkleinhoewes neig tot stagnasie.

Die Roods Gardenskleyhoewes openbaar in 'n groot mate 'n proses van stagnasie (vergelyk tabel 5.3). Volgens die navorsing word geen wooneenheid jonger as 10 jaar in die kleinhoewegebied aangetref nie en by verre die meeste kleinhoewes (72,6 persent) is ouer as 21 jaar. In die gebied is daar wel landbougeboue (2,9 persent) wat tussen 1 en 5 jaar oud is. Net soos met die wooneenhede is die meeste landbougeboue (68,5 persent) ouer as 21 jaar. Die Roods Gardens- en Unitasparkkleinhoewes is die twee oudste kleinhoewegebiede in die studiegebied (vergelyk tabel 3.8) en is feitlik reeds volgebou, wat die gebrek aan ontwikkeling wat ondervind word grootliks verklaar.

Die Steelviewkleinhoewegebied toon in 'n groot mate 'n ooreenkoms met bogenoemde twee kleinhoewegebiede. Geen wooneenheid of landbougebou jonger as 10 jaar word hier aangetref nie, terwyl die meeste wooneenhede (66,6 persent) en landbougeboue (66,6 persent) ouer as 21 jaar is. Daar bestaan egter nog ruimte vir verdere ontwikkeling, wat die stagnasie sal verlig.

In Ebenhaezerpark is daar slegs drie bewoonde kleinhoewes. Die jongste bewoonde kleinhoewe (33,3 persent) is tussen 11 en 15 jaar oud, een wooneenheid is tussen 16 en 20 jaar oud en die laaste een is ouer as 21 jaar. Die landbougeboue blyk uit tabel 5.3 nog ouer te wees as die wooneenhede.

Volgens tabel 5.3 is albei die wooneenhede in die Klipplaatdriftdreinskleyhoewegebied tussen 1 en 5 jaar oud. Indien die infrastruktuur van die gebied verbeter (vergelyk paragraaf 6.6.2) sal die gebied oor die potensiaal beskik om in 'n spogbuurt te ontwikkel.

In die Harmoniesruskleinhoewegebied is 41,7 persent van die wooneenhede sowel as die landbougeboue, tussen 1 en 5 jaar oud, terwyl 75 persent van die geboue jonger as 10 jaar is. Geen gebou, wooneenheid of landbougebou, is ouer as 15 jaar nie.

Die Vandermerweskroonkleinhoewes stem in 'n mate ooreen met die Harmoniesruskleinhoewes. Ongeveer 65 persent van die wooneenhede en 70 persent van die landbougeboue is jonger as 10 jaar. Geen wooneenheid of landbougebou is ouer as 20 jaar nie.

Uit tabel 5.3 blyk dit dat die meeste van die Dreamlands-kleinhoewes se wooneenhede (38,1 persent) en landbougeboue (42,2 persent) in die ouderdomsgroep van 1 tot 5 jaar val. Ongeveer 52,4 persent van die wooneenhede en 63,2 persent van die landbougeboue is jonger as 10 jaar. Die ander geboue op die kleinhoewes se getalle neem af met 'n toename in ouderdom. Dit dui op 'n meer resente ontwikkeling.

Die Glendonaldkleinhoewes en Dreamlandskleinhoewes stem in 'n groot mate ooreen. Ongeveer 67,2 persent van die wooneenhede in Glendonald en 69,6 persent van die landbougeboue is jonger as 15 jaar. Slegs 7,1 persent van die wooneenhede en 7,7 persent van die landbougeboue is ouer as 21 jaar.

Die Klipplaatdriftkleinplasies en die Harmoniesrus-, Vandermerweskroon-, Dreamlands- en Glendonaldkleinhoewes, blyk redelike nuwe gebiede te wees as die persentasie huise en landbougeboue wat gedurende die laaste 10 jaar opgerig is in aanmerking geneem word (vergelyk tabel 5.3).

Uit tabel 5.3 blyk dit dat die ander kleinhoewes in die middelgroep val, met 'n mate van nuwe ontwikkeling sowel as veroudering.

In sommige gevalle word stedelike verval reeds waargeneem in die ouer kleinhoewegebiede, naamlik Roods Gardens en Unitas-park. Senekal (1959:91) het reeds tydens sy navorsing verval

TABEL 5.4 ONDERWYSPEIL VAN DIE HOOF VAN DIE HUIS

KLEINHOEWE- OF KLEINPLASIEGEBIED	ONDERWYSPEIL (PERSENTASIE)							UNIVERSITEITS- OPLEIDING
	ST. 5	ST. 8	ST.10	ONDERWYS- OPLEIDING	TEGNIESE- OPLEIDING	LANDBOU- OPLEIDING	UNIVERSITEITS- OPLEIDING	
Annaton	20,0	40,0	-	-	20,0	-	20,0	20,0
Dreamlands	9,5	33,3	19,0	4,8	23,9	-	9,5	9,5
Ebenhaezerpark	33,3	66,7	-	-	-	-	-	-
Glendonald	2,9	10,0	35,7	1,4	21,4	1,4	27,2	27,2
Harmoniesrus	-	16,7	25,0	-	16,7	-	41,6	41,6
Helenasrust	16,0	48,0	20,0	-	12,0	4,0	-	-
Houtkop	4,2	28,3	28,3	10,9	17,4	-	10,9	10,9
Klipplaatdrift	-	-	33,3	-	-	-	66,7	66,7
Lenteland	-	15,4	30,8	-	7,7	-	46,1	46,1
McKay	-	20,0	24,0	4,0	20,0	-	32,0	32,0
Risi	5,6	11,1	28,9	-	33,3	-	11,1	11,1
Roods Gardens	25,0	30,6	22,2	8,3	8,3	-	5,6	5,6
Steelview	-	50,0	33,3	-	16,7	-	-	-
Unitaspark	4,3	28,8	23,7	2,9	10,8	2,2	27,3	27,3
Vandermerweskroon	10,0	10,0	35,0	5,0	20,0	-	20,0	20,0
Waterdal	27,6	55,2	17,2	-	-	-	-	-
Studiegebied	8,1	26,7	26,1	3,4	14,6	1,1	20,0	20,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

op die kleinhoewes waargeneem. Die Waterdalkleinhoewes toon ook tekens van verval, maar hier is dit as gevolg van nie-besetting met gevolglike stroping, moontlik as gevolg van die nabyheid van die Kleurlingplakkersbuurt en Sebokeng.

5.4 ONDERWYSPEIL VAN DIE HOOF VAN DIE HUIS

Die onderwyspeil van die Blanke bevolkingsgroep se hoof van die huis word in tabel 5.4 en figuur 5.1 aangetoon.

Volgens tabel 5.4 en figuur 5.1 blyk dit dat 60,9 persent van die Blanke gesinshoofde se onderwyspeil wissel van standerd 5 tot standerd 10, terwyl 39,1 persent van die gesinshoofde naskoolse opleiding ondergaan het.


Bogenoemde stem in 'n groot mate ooreen met die bevindings van Nieuwoudt (1985:67) en Tomlinson et al., (1957:63). Onderstaande tabel 5.5 toon die ooreenkoms, soos genoem, aan.

TABEL 5.5 OOREENKOMS IN ONDERWYSPEIL

GEBIED	TOT ST. 10 (PERSENTASIE)	NA SKOOL (PERSENTASIE)
Studiegebied ¹⁾	60,9	39,1
Wilgeboom Potchefstroom ²⁾	67,62	32,38
Transvaal ³⁾	63,9	36,1
Suid-Afrika ⁴⁾	64,5	35,5

Bron: 1) VRAELYSOPNAME, 1986.
 2) NIEUWOUT, 1985:67.
 3) TOMLINSON ET AL., 1957:63.
 4) TOMLINSON ET AL., 1957:63.

Uit tabel 5.6 kan waargenaam word dat ongeveer 13 persent van die kleinhoewebewoners persioenarisse is. Van die persioenarisse het h laer onderwyspeil, aangesien daar in die tyd van hulle skoolopleiding, nie dieselfde mate van opleiding vereis is as vandag nie. Sommige pensioenarisse het slegs standerd 3 geslaag.



FIGUUR 5.1 ONDERWYSPEIL VAN DIE HOOF VAN DIE HUIS

BRON: Vraelysopname, 1986

'n Opvallende verskynsel wat waargeneem word uit figuur 5.1, is die lae persentasie (1,1 persent) van die kleinhoewebewoners wat oor landbouopleiding beskik.

In die studiegebied is slegs 20,0 persent van die Blanke bevolking gegradueerd (vergelyk tabel 5.4). Die 20,0 persent is heelwat laer as die 27,75 persent gegradueerdes van die kleinhoewebewoners van Bloemfontein (Mullins, 1979: 110).

'n Opvallende verskynsel in die studiegebied is dat al die respondente van die Ebenhaezerparkkleinhoewes se onderwyspeil hoogstens standerd 8 is.

'n Soortgelyke verskynsel word in die Waterdalkleinhoewegebied aangetref waar geeneen van die respondente naskoolse opleiding ondergaan het nie, maar hoogstens tot standerd 10 gevorder het (vergelyk tabel 5.4).

In sewe van die kleinhoewe- en kleinplasiaegebiede in die studiegebied, naamlik Annaton (60 persent), Ebenhaezerpark (100 persent), Helenasrust (64 persent), Roods Gardens (55,6 persent), Steelview (50 persent) en Waterdal (82,8 persent), beskik die meeste van die respondente oor hoogstens standerd 8 (vergelyk tabel 5.4).

In die Glendonald-, Houtkop-, Risi-, Unitaspark- en Vandermerweskroonkleinhoewegebiede word 'n redelik gebalanseerde onderwyspeilverspreiding aangetref.

Volgens tabel 5.4 blyk dit dat die respondente van die Glendonaldkleinhoewes oor 'n redelike hoë onderwyspeil beskik, aangesien slegs 2,9 persent opleiding tot standerd 5, 10 persent tot standerd 8 en 35,7 persent tot standerd 10 ondergaan het. Van die res is 27,2 persent gegradueerd, 1,4 persent het onderwysopleiding ondergaan, 1,4 persent landbou-opleiding en 21,4 persent tegniese opleiding.

Die verspreiding van die bewoners van Unitaspark se onderwyspeil is redelik gebalanseerd en stem in 'n mate ooreen met die Glendonaldkleinhoewegebied. Ongeveer 4,3 persent van die bewoners beskik slegs oor 'n onderwyspeil tot stander 5, terwyl 28,8 persent van die bewoners tot stander 8 en 23,7 persent tot stander 10 gevorder het. Die getal gegradueerdes (27,3 persent) van die respondente stem ooreen met die van die Glendonaldkleinhoues (27,2 persent). Slegs 10,8 persent van die inwoners beskik oor naskoolse tegniese opleiding, 2,2 persent beskik oor landbou-opleiding en 2,9 persent oor onderwysopleiding.

5.5 BEROEPSTRUKTUUR

Tabel 5.6 gee 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Blanke kleinhouebewoners in die studiegebied. Elf beroepskategorieë word onderskei. Pensioenarisse is ook by die beroepstruktuur ingesluit omdat dit ook 'n inkomste verteenwoordig. Die gegewens vir die uiteensetting van die beroepstruktuur is verkry deur die vraelysopname (Bylae 1) wat in 1986 in die studiegebied uitgevoer is.

TABEL 5.6 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE BEWONERS VAN DIE KLEINHOEWES IN DIE STUDIEGEBIED

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	2,2
Nywerheid of konstruksie	40,3
Mynbou	0,2
Vervoerdienste	3,3
Pensioenaris	13,0
Staats- en provinsiale diens	8,1
Munisipale diens	3,3
Bank, assurance en finansieel	2,0
Handel of eiendomstransaksies	11,8
Professioneel	13,8
Ander	2,0
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.


Uit tabel 5.6 en figuur 5.2 blyk dit dat landbou oor die algemeen 'n sekondêre plek inneem ten opsigte van die bewoners se hoofinkomste. Slegs 2,2 persent van die Blanke inwoners in die studiegebied is voltyds betrokke by landbou. Die meeste van die kleinhoewebewoners is dus van die nabygeleë stedelike gebied afhanklik vir hulle inkomste. Hierdie inkomstebronne van die kleinhoewebewoners hou verband met stedelike funksies, soos deur sommige van hulle beroepe aangetoon, onder andere nywerheid (40,3 persent), handel (11,8 persent), die professionele sektor (13,8 persent) en die staats-, provinsiale en munisipale dienste (11,4 persent). Bogenoemde toon dus 'n duidelike interaksie tussen die kleinhoewebewoners en die aanliggende stedelike gebied.

Die enkele grootste beroepsektor wat aangetref word, is die nywerheidsektor (40,3 persent) wat goed inskakel by 'n nywerheidsdorp soos Vereeniging. Dieselfde bevindings is deur Senekal (1959:119) en Nieuwoudt (1983:147) verkry.

'n Opvallende verskynsel uit die navorsing is die relatief groot aantal pensioenarisse in die studiegebied. Die studie toon aan dat 13,0 persent (die derde grootste groep naas nywerhede en professionele beroepe) verteenwoordig word deur pensioenarisse. Die groot aantal pensioenarisse op die kleinhoewes is, soos dit blyk uit die navorsing gedoen deur Nieuwoudt (1983:147); Nieuwoudt (1985:47); Schmitt en Venter (1982:32); Schmitt en Henning (1983:44); Tomlinson et al., (1957:64) en Van Rooyen (1964:134), 'n algemene verskynsel in die Republiek van Suid-Afrika.

Volgens tabel 5.6 verteenwoordig mynbou 'n baie klein persentasie (0,2 persent) van die totale beroepstruktuur in die studiegebied. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die meeste myne in die omgewing behuising, òf op die mynperseel òf in die dorpe, aan hulle werkers verskaf.

Onder die 2,0 persent beroepe verteenwoordig onder "ander beroepe" was daar beroepe soos 'n perde-afrigter, 'n beroepswedder, verskeie werkloses en huisvroue.



FIGUUR 5.2 BEROEPSTRUKTUUR VAN BLANKE BEWOONERS IN DIE STUDIEGEBIED

BRON: Vraelysopname, 1986

h Vergelyking word getref tussen die navorsing en die steekproewe in dieselfde gebied gedoen en uitgevoer deur Nieuwoudt (1983:147) en Senekal (1959:119).

TABEL 5.7 VERGELYKING VAN BEROEPSTRUKTUUR

BEROEP	STUDIEGEBIED SOOS TABEL 5.5	SENEKAL 1959	NIEUWOUDT 1983
Voltydse boer	2,2	-	3,3
Nywerheid of konstruksie	40,3	47,3	40,66
Mynbou	0,2	-	-
Vervoerdienste	3,3	8,7	-
Pensioenaris	13,0	-	15,38
Staats-, provinsiale en munisipale dienste	11,4	-	5,49
Bank, assuransie, finansieel en handel	13,8	21,1	18,68
Professioneel	13,8	8,0	5,49
"Publieke dienste"	-	6,9	-
Ander	2,0	2,0	-
Totaal	100,0	100,0	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Uit tabel 5.7 blyk dit dat die drie verskillende studies h groot ooreenkoms toon in beroepstruktuur. Waar daar wel verskille is, kan dit toegeskryf word aan die feit dat hierdie studie 54,8 persent van die bewoonde kleinhoewes verteenwoordig, teenoor Nieuwoudt se 10 persent, terwyl Senekal slegs die kleinhoewegebiede van Roods Gardens en Unitaspark gebruik het vir sy studie. h Ander moontlike rede is dat hierdie studie meer verskillende beroepe in die vraelys gebruik het as dié van Nieuwoudt en Senekal. Verder moet in ag geneem word dat Senekal se opname reeds in 1959 en Nieuwoudt se opname in 1983 gedoen is.

In die studiegebied werk gemiddeld slegs een persoon per huishouding en gewoonlik is dit die vader (vergelyk figuur

5.4). Die vroue is slegs ekonomies aktief in die stedelike gebied indien hulle òf as gevolg van omstandighede gedwing word òf h' aanvullende inkomste wil verdien. Bogenoemde is ook deur Mullins (1979:115) in sy navorsing oor die kleinhoewes van Bloemfontein waargeneem. Mullins beweer verder dat die werkende vroue beroepsaktief is om redes soos reeds genoem en nie as gevolg van beroepskwalifikasies nie.

Die beroepstruktuur van elke kleinhoewe-/kleinplasiaegebied word afsonderlik behandel om h' meer volledige beeld te verkry.

1. DIE ANNATONKLEINHOEWES

Die meerderheid werkers (60 persent) is betrokke in die nywerheidsektor, terwyl 20,0 persent pensioenarisse is en 20,0 persent betrokke is by die handel.

2. DIE DREAMLANDSKLEINHOEWES

Tabel 5.8 is h' uiteensetting van die beroepstruktuur van die Dreamlandskleinhoewes.

TABEL 5.8 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE DREAMLANDSKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	4,8
Nywerheid of konstruksie	52,4
Vervoerdienste	4,8
Staats- en provinsiale diens	9,5
Pensioenaris	9,5
Handel en eiendomstransaksies	14,2
Professioneel	4,8
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Uit tabel 5.8 blyk dit dat nywerhede die grootste werkverskaffer (52,4 persent) aan die bewoners van Dreamlands is. Die handel (14,2 persent) is die tweede grootste werkver-

skaffer. Die staats- en provinsiale diens en pensioenarisse verteenwoordig elk 9,5 persent van die totaal. Voltydse boere, professionele persone en persone betrokke by vervoerdienste, verteenwoordig elk 4,8 persent van die totale beroepe.

3. DIE EBENHAEZERPARKKLEINHOEWES

Slegs 3 kleinhoewes in die gebied word bewoon. Die beroepskategorieë wat hier aangetref word, is nywerheid (2 persone of 66,7 persent van die totaal) en pensioenaris (1 persoon of 33,3 persent).

4. DIE GLENDONALDKLEINHOEWES

Tabel 5.9 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Glendonaldkleinhoewes.

TABEL 5.9 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE GLENDONALDKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	5,7
Nywerheid of konstruksie	31,4
Pensioenaris	7,1
Staats- en provinsiale diens	7,1
Bank, assurance en finansieel	2,9
Handel en eiendomstransaksies	21,5
Professioneel	22,9
Ander	1,4
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Uit tabel 5.9 blyk dit dat die nywerheid die grootste werkverskaffer (31,4 persent) aan die bewoners van die Glendonaldkleinhoewes is, terwyl 22,9 persent professionele persone is en 21,5 persent betrokke is by die handel en eiendomsbedryf. Die aantal pensioenarisse (7,1 persent) is heelwat laer as die gemiddelde vir die studiegebied (vergelyk tabel

5.6). Die voltydse boere (5,7 persent) is hoofsaaklik eienaars van die kleinhoewes wat aan die Kliprivier grens. Ongeveer 7,1 persent is staats- en provinsiale amptenare en 2,9 persent is betrokke by die finansiële sektor.

5. DIE HARMONIESRUSKLEINHOEWES

Tabel 5.10 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Harmoniesruskleinhoewes.

TABEL 5.10 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE HARMONIESRUSKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	50,0
Pensioenaris	8,3
Staats- en provinsiale diens	16,7
Professioneel	25,0
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Uit tabel 5.10 blyk dit dat die meeste werkers (50 persent) werksaam is in nywerhede of konstruksiewerke, terwyl 25 persent professionele beroepe beoefen. Volgens die vraelysopname kan vier kategorieë onderskei word, naamlik: die twee beroepe reeds genoem, pensioenarisse (8,3 persent, en staats- en provinsiale amptenare (16,7 persent).

6. DIE HELENASRUSTKLEINPLASIES

Tabel 5.11 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Helenasrustkleinplasies.

'n Opvallende verskynsel wat uit tabel 5.11 waargeneem kan word, is die groot aantal werkers (20,0 persent) wat betrokke is by die vervoerdienste. Nywerhede (28 persent) is die grootste werkverskaffer. Meer voltydse boere (8,0 persent) word hier aangetref, moontlik as gevolg van die kleinplasiese groter oppervlakte.

TABEL 5.11 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE HELENASRUSTKLEINPLASIES

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	8,0
Nywerhede of konstruksie	28,0
Vervoerdienste	20,0
Pensioenaris	16,0
Munisipale diens	8,0
Bank, assurance en finansiële	4,0
Handel of eiendomstransaksies	12,0
Ander	4,0
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Ander beroepe waarby die bewoners betrokke is, is munisipale dienste (8,0 persent), bankwese (4,0 persent), ander beroepe (4,0 persent) en handel en eiendomstransaksies (12,0 persent). Pensioenarisse verteenwoordig 16,0 persent van die totaal.

7. DIE HOUTKOPGEBIED

Tabel 5.12 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Houtkopgebied.

TABEL 5.12 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE HOUTKOPGEBIED

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	2,2
Nywerheid of konstruksie	31,2
Vervoerdienste	2,2
Pensioenaris	13,3
Staats- en provinsiale diens	20,0
Munisipale diens	4,4
Bank, assurance en finansiële	6,7
Handel en eiendomstransaksies	11,1
Professioneel	6,7
Ander	2,2
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Nywerheid en konstruksie is die grootste werkverskaffer aan die bevolking van die Houtkopgebied. 'n Interessante verskynsel is die groot hoeveelheid werkers (20,0 persent) wat in diens van die staat en provinsie is. Pensioenarisse verteenwoordig 13,3 persent van die totaal en 11,1 persent is betrokke by die handel en eiendomstransaksies. Slegs 6,7 persent is professionele persone en 4,4 persent is munisipale amptenare.

8. DIE KLIPPLAATDRIFTKLEINPLASIES

Slegs twee kleinplasies in die gebied word bewoon, waarvan die een bewoner 'n pensioenaris is en die ander een by 'n nywerheid werk.

9. DIE LENTELANDKLEINHOEWES

Tabel 5.13 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Lentelandkleinhoewes.

TABEL 5.13 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE LENTELANDKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	30,7
Pensioenaris	7,7
Staats- en provinsiale diens	23,1
Munisipale diens	7,7
Handel en eiendomstransaksies	7,7
Professioneel	23,1
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Die inwoners van Lenteland is oorwegend betrokke by die nywerheidsektor (30,7 persent), staats- en provinsiale dienste (23,1 persent) en die professionele sektor (23,1 persent). Pensioenarisse, munisipale amptenare en persone betrokke by handel en eiendomstransaksies verteenwoordig elk 7,7 persent van die totale aantal beroepe. Die persen-

tasie professionele persone is aansienlik hoër as die gemiddelde vir al die kleinhoewegebiede.

10. DIE MCKAY ESTATES

Tabel 5.14 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die McKay Estates.

TABEL 5.14 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE MCKAY ESTATES

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	4,0
Nywerheid of konstruksie	44,0
Pensioenaris	20,0
Staats- en provinsiale diens	4,0
Munisipale diens	4,0
Handel en eiendomstransaksies	12,0
Professioneel	12,0
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Ongeveer die helfte (44 persent) van die persone wat 'n inkomste verdien, is werksaam in nywerhede en 20 persent is pensioenarisse. Van die pensioenarisse het laat blyk dat die kleinplasia's langs die Kliprivier die ideale aftreeplek kan wees. Interessant is die klein hoeveelheid (4,0 persent) voltydse boere, alhoewel die grondoppervlakte redelik groot en besproeiingswater beskikbaar is.

11. DIE RISIKLEINPLASIES

Tabel 5.15 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Risikleinplasia's.

Die meerderheid (55,6 persent) van die persone wat 'n inkomste verdien is werksaam in nywerhede, 16,7 persent is pensioenarisse en net so veel is professionele mense. Die staats- en provinsiale dienste en die handelsektor verteenwoordig elk 5,5 persent van die beroepstruktuur.

TABEL 5.15 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE RISIKLEINPLASIES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	55,6
Pensioenaris	16,7
Staats- en provinsiale diens	5,5
Handel en eiendomstransaksies	5,5
Professioneel	16,7
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

12. DIE ROODS GARDENSKLEINHOEWES

Tabel 5.16 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Roods Gardenskleinhoewes.

TABEL 5.16 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE ROODS GARDENSKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	30,6
Pensioenaris	33,3
Staats- en provinsiale diens	8,3
Munisipale diens	11,1
Handel en eiendomstransaksies	8,3
Professioneel	5,6
Ander	2,8
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

'n Interessante verskynsel wat in die Roods Gardenskleinhoewes aangetref word, is dat die pensioenarisse die grootste deel van die beroepstruktuur (33,3 persent) uitmaak. Nywerhede is die tweede grootste werkverskaffer aan die inwoners van Roods Gardens. Ander beroepskategorieë wat verteenwoordig word, is die staats- en provinsiale dienste (8,3 persent), die munisipale diens (11,1 persent), die professionele beroepe (5,6 persent), die handel (8,3 persent) en ander beroepe (2,8 persent).

13. DIE STEELVIEWKLEINHOEWES

Nywerheid (49,9 persent) is die grootste enkele beroepskategorie van die Steelviewkleinhoewes. Pensioenarisse, voltydse boere en persone betrokke by die handel en eiendoms-transaksies is ewe sterk verteenwoordig, naamlik 16,7 persent.

14. DIE UNITASPARKKLEINHOEWES

Tabel 5.17 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Unitasparkkleinhoewes.

TABEL 5.17 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE UNITASPARKKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	0,7
Nywerheid of konstruksie	43,2
Mynbou	0,7
Vervoerdienste	3,6
Staats- en provinsiale diens	6,5
Munisipale diens	2,9
Pensioenaris	7,9
Bank, assurance en finansieel	2,2
Handel en eiendomstransaksies	10,8
Professioneel	20,1
Ander	1,4
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Unitaspark is die grootste kleinhoewegebied en 364 bewoonde kleinhoewes word in die gebied aangetref. Unitaspark is ook die enigste kleinhoewegebied in die studiegebied waar al die beroepe wat op die vraelys gebruik is, aangetref word (vergelyk tabel 5.6).

Die enkele grootste beroepskategorie is nywerhede en konstruksiewerke waar 43,2 persent van die persone wat 'n inkomste verdien daagliks werk, met die tweede grootste kategorie die professionele diens (20,1 persent). 'n Interessante ver-

skynsel is die relatief klein hoeveelheid pensioenarisse (7,9 persent) wat in die streek woonagtig is, in vergelyking met die ander "ou" kleinhoewegebied, naamlik Roods Gardens, se 33,3 persent pensioenarisse. Die enigste persone in die studiegebied wat in die mynbousektor bedrywig is (0,7 persent) woon in Unitaspark. Handel en eiendoms-transaksies (10,8 persent) verteenwoordig die derde grootste beroepskategorie. Ander beroepskategorieë wat verteenwoordig word, is voltydse boerdery (0,7 persent), vervoerdienste (3,6 persent), staats-, provinsiale en munisipale dienste (9,4 persent), bankwese en finansiële instellings (2,2 persent) en ander beroepe (1,4 persent).

15. DIE VANDERMERWESKROONKLEINHOEWES

Tabel 5.18 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Vandermerweskroonkleinhoewes.

TABEL 5.18 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE VANDERMERWESKROONKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	45,0
Vervoerdienste	5,0
Pensioenaris	10,0
Bank, assuransie en finansiëel	5,0
Handel en eiendomstransaksies	15,0
Professioneel	15,0
Ander	5,0
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Uit tabel 5.18 blyk dit dat die meeste werkers in die nywerheid (45 persent) werksaam is, terwyl professionele persone 15 persent van die beroepstruktuur uitmaak. Ander beroepskategorieë wat verteenwoordig word, is handel en eiendomstransaksies (15 persent), pensioenarisse (10 persent), banke en finansiële instellings (5 persent), vervoerdienste (5 persent) en ander beroepe (5 persent).

16. DIE WATERDALKLEINHOEWES

Tabel 5.19 is 'n uiteensetting van die beroepstruktuur van die Waterdalkleinhoewes.

TABEL 5.19 BEROEPSTRUKTUUR VAN DIE WATERDALKLEINHOEWES

BEROEP	PERSENTASIE
Nywerheid of konstruksie	31,1
Vervoerdienste	6,9
Pensioenaris	27,6
Staats- en provinsiale diens	6,9
Munisipale diens	3,4
Bank, assurance en finansieel	3,4
Handel en eiendomstransaksies	6,9
Professioneel	6,9
Ander	6,9
Totaal	100,0

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Nywerheid en konstruksie (31,1 persent) is die enkele grootste beroepskategorie van die bevolking van die Waterdalkleinhoewegebied. Al die ander beroepe wat beoefen word, behalwe bank, assurance en finansies (3,4 persent) en munisipale diens (3,4 persent) verteenwoordig 6,9 persent van die beroepstruktuur. Pensioenarisse verteenwoordig 27,6 persent van die respondente.

5.6 INKOMSTESTRUKTUUR

In tabel 5.20 word die inkomstestruktuur van die Blanke kleinhoewegesinne in die studiegebied, uiteengesit.

Uit tabel 5.20 blyk dit dat 59,1 persent van die Blanke kleinhoewebewoners 'n totale jaarlikse inkomste van tussen R10 000 en R40 000 het. Die inkomstegroep, R20 000 tot R30 000, is die grootste enkele groep en verteenwoordig 20,3 persent van die gesinne in die studiegebied.

TABEL 5.20 INKOMSTESTRUKTUUR VAN DIE KLEINHOEWEGESINNE

KLEINHOEWES EN KLEINPLASIES	INKOMSTEGROEP (R) PER JAAR AS 'n PERSENTASIE													
	0 tot 10 000	10 001 tot 20 000	20 001 tot 30 000	30 001 tot 40 000	40 001 tot 50 000	50 000 en meer	Weier							
Annaton	20,0	20,0	40,0	20,0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Dreamlands	9,5	33,3	28,6	19,0	4,8	-	4,8	-	-	-	-	-	4,8	-
Ebenhaezerpark	66,7	33,3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Glendonald	1,4	8,6	11,4	31,4	21,4	20,0	-	-	-	-	-	-	5,8	-
Harmoniesrus	-	16,7	25,0	25,0	-	33,3	-	-	-	-	-	-	-	-
Helenasrust	24,0	40,0	24,0	-	4,0	-	4,0	-	-	-	-	-	8,0	-
Houtkop	8,9	22,2	28,9	22,2	8,9	-	8,9	-	-	-	-	-	8,9	-
Klipplaatdrift	-	33,3	-	-	-	66,7	-	-	-	-	-	-	-	-
Lenteland	7,7	23,1	15,3	23,1	-	23,1	-	-	-	23,1	-	-	7,7	-
McKay	4,0	8,0	16,0	16,0	24,0	28,0	-	-	-	-	-	-	4,0	-
Risi	-	16,7	22,2	33,3	11,1	16,7	-	-	-	-	-	-	-	-
Roods Gardens	36,1	27,8	33,3	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2,8	-
Steelview	-	83,3	16,7	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Unitaspark	15,4	16,9	19,9	18,5	11,0	15,4	-	-	-	-	-	-	2,9	-
Vandermerweskroon	10,0	5,0	10,0	45,0	15,0	5,0	-	-	-	-	-	-	10,0	-
Waterdal	44,8	24,2	17,2	6,9	-	-	-	-	-	-	-	-	6,9	-
Studiegebied	14,3	19,7	20,3	19,1	10,1	11,8	-	-	-	-	-	-	4,7	-

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Die groep wat 'n kleiner totale inkomste as R10 000 per jaar verdien, naamlik 14,3 persent, bestaan hoofsaaklik uit pensioenarisse wat nie meer 'n gereelde maandelikse salaris verdien nie.

Volgens tabel 5.20 blyk dit dat die inwoners van Ebenhaezerpark, Roods Gardens en Steelview deel vorm van die laer inkomstegroep. Die Glendonaldkleinhoewes en McKay Estates blyk volgens tabel 5.20 die meer gegoede gebiede te wees. In die Unitasparkkleinhoewes word die mees egalige verspreiding van inkomste oor die studiegebied aangetref.

Om 'n duidelike beeld van die totale inkomste van die kleinhoewegesinne te verkry, moet egter ook na tabel 5.21 en figuur 5.3 gekyk word. Genoemde tabel (5.21) en figuur 5.3 beeld die hoofbron van inkomste uit.

Die feit dat slegs 0,9 persent van die kleinhoewes se hoofinkomste deur die kleinhoewe gelewer word (tabel 5.21) dui daarop dat die meerderheid kleinhoewes vir residensie gebruik word en die kleinhoewebewoners stedelike pendelaars is.

Uit tabel 5.21 blyk dit dat die hoofbron van inkomste deur 'n werkgewer (55,0 persent) verskaf word. In Vereeniging is die werkgewers oorwegend nywerhede.

Die inkomste uit "ander bronne" bestaan hoofsaaklik uit rente op beleggings by afgetrede boere en onderhoudsgeld aan geskeide dames.


Uit tabel 5.21 blyk dit dat die kleinhoewe 'n populêre woonplek vir pensioenarisse is. Moontlik is dit omdat die kleinhoewe 'n ekstra inkomste kan bied om die pensioen aan te vul. 'n Ander rede is die goedkoper leefwyse as gevolg van laer belastings en die eie produksie van groente, vrugte, vleis, melk en eiers. Opvallend is die groot aantal respondente wie se hoofinkomste hulle pensioen is in Ebenhaezerpark (33,4 persent), Helenasrust (28,0 persent),

TABEL 5.21 BRON VAN HOOFINKOMSTE VAN DIE KLEINHOEWEE-EIENAARS/-HUURDERS

KLEINHOEWES OF KLEINPLASIES	BRON VAN INKOMSTE (PERSENTASIE)					ANDER
	WERKGEWER	EIE BESIGHEID	KLEINHOEWEE	PENSIOEN		
Annaton	60,0	20,0	-	20,0	-	-
Dreamlands	80,9	4,8	-	9,5	4,8	4,8
Ebenhaezerpark	33,3	33,3	-	33,4	-	-
Glendonald	47,1	42,9	-	5,7	4,3	4,3
Harmoniesrus	50,0	41,7	-	8,3	-	-
Helenasrust	56,0	12,0	4,0	28,0	-	-
Houtkop	64,5	17,8	-	13,3	4,4	4,4
Klipplaatdrift	33,3	33,3	-	33,4	-	-
Lenteland	69,2	23,1	-	7,7	-	-
McKay	52,0	28,0	4,0	16,0	-	-
Risi	55,6	27,7	-	16,7	-	-
Roods Gardens	58,3	5,6	2,8	33,4	-	-
Steelview	50,0	33,3	-	16,7	-	-
Unitaspark	52,6	37,2	0,7	7,3	2,2	2,2
Vandermerweskrōon	45,0	45,0	-	10,0	-	-
Waterdal	57,1	14,3	-	25,0	3,6	3,6
Studiegebied	55,0	28,5	0,9	13,5	2,1	2,1

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0



FIGUUR 5.3 BRON VAN HOOFINKOMSTE

BRON: Vraelysopname, 1986

Klipplaatdrift (33,4 persent), Roods Gardens (33,4 persent) en Waterdal (25,0 persent).

h Verdere opvallende verskynsel is die klein hoeveelheid respondente in die Dreamlandskleinhoewes (4,8 persent) en die Roods Gardenskleinhoewes (5,6 persent) wat in die besigheidsektor betrokke is.

Die totale inkomste per jaar word aangevul deur die werkende vrou se salaris. In die studiegebied is 37,6 persent van die Blanke vrou van die kleinhoewebewoners ekonomies aktief en 62,4 persent is huisvroue (vergelyk figuur 5.4).


5.7 HUWELIKSTATUS

Tabel 5.22 is h uiteensetting van die huwelikstatus van die kleinhoewebewoners in die studiegebied.

Uit tabel 5.22 blyk dit dat verreweg die grootste persentasie, naamlik 92,1 persent, van die eienaars/huurders van die kleinhoewes getroud is. Die groep wat geskei is (2,4 persent), bestaan uit h derde dames en twee derdes mans. Dit is ook interessant om daarop te let dat daar meer weduwees as wewenaars in die studiegebied woonagtig is. Uit die onderhoude wat gevoer is, het dit geblyk dat in die meeste gevalle die mans te sterwe gekom het terwyl hulle op die kleinhoewe woonagtig was en die vroue op die kleinhoewe aangebly het.

Verder blyk dit dat al die respondente van Annaton, Dreamlands, Ebenhaezerpark, Harmoniesrus, Klipplaatdrift, Lente-land en Steelview ten tye van die navorsing, getroud was (vergelyk tabel 5.22).

In die Roods Gardenskleinhoewes is slegs 77,8 persent van die respondente getroud, terwyl 2,8 persent geskei, 8,3 persent wewenaars en 11,1 persent weduwees is. Die enigste ander gebied waar wewenaars woonagtig is, is Helenasrust-kleinplasies. Slegs in die Houtkopomgewing (6,7 persent) en Unitasparkgebied (0,7 persent) het van die eienaars/huurders aangedui dat hulle ongetroud is.



FIGUUR 5.4 WERKENDE/NIE-WERKENDE VROUE

BRON: Vraelysopname, 1986

TABEL 5.22 HUWELIKSTATUS VAN DIE KLEINHOEWEBEWONERS

KLEINHOEWES OF KLEINPLASIES	ONGETROUD	GETROUD	GESKEI	WEWENAAR	WEDUWEE
Annaton	-	100,0	-	-	-
Dreamlands	-	100,0	-	-	-
Ebenhaezerpark	-	100,0	-	-	-
Glendonald	-	95,7	2,9	-	1,4
Harmoniesrus	-	100,0	-	-	-
Helenasrust	-	80,0	-	12,0	8,0
Houtkop	6,7	88,9	4,4	-	-
Klipplaatdrift	-	100,0	-	-	-
Lenteland	-	100,0	-	-	-
McKay	-	96,0	4,0	-	-
Risi	-	88,8	5,6	-	5,6
Roods Gardens	-	77,8	2,8	8,3	11,1
Steelview	-	100,0	-	-	-
Unitaspark	0,7	94,2	0,7	-	4,4
Vandermerweskroon	-	85,0	5,0	-	10,0
Waterdal	-	93,1	6,9	-	-
Studiegebied	0,8	92,1	2,4	1,3	3,4

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

5.8 GESLAG VAN DIE GESINSHOOF

Tabel 5.23 is 'n uiteensetting van die geslag van die gesinshoof in die studiegebied.

TABEL 5.23 GESLAG VAN GESINSHOOF

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	MANLIK PERSENTASIE	VROULIK PERSENTASIE
Annaton	100,0	0
Dreamlands	100,0	0
Ebenhaezerpark	100,0	0
Glendonald	97,1	2,9
Harmoniesrus	100,0	0
Helenasrust	9,20	8,0
Houtkop	100,0	0
Klipplaatdrift	100,0	0
Lenteland	100,0	0
McKay	100,0	0
Risi	88,9	11,1
Roods Gardens	88,9	11,1
Steelview	100,0	0
Unitaspark	95,6	4,4
Vandermerweskroon	90,0	10,0
Waterdal	100,0	0
Studiegebied	96,1	3,9

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

Uit tabel 5.23 kom dit duidelik na vore dat die hoof van die Blanke gesinne woonagtig op die kleinhoewes in die studiegebied, oorwegend mans is. Op 96,1 persent van die kleinhoewes is mans die gesinshoof en slegs op 3,9 persent van die kleinhoewes is vroue aan die hoof. Die genoemde 3,9 persent, waar vroue aan die hoof van die gesin is, is hoofsaaklik geskeide vroue en weduwees.

Slegs op ses van die kleinhoewe-/kleinplasiaegebiede naamlik Glendonald, Helenasrust, Risi, Roods Gardens, Unitaspark en Vandermerweskroon, word vroue as gesinshoofde aangeref, terwyl mans op al die ander kleinhoewe- en kleinplasiaegebiede die gesinshoofde is (vergeelyk tabel 5.23).

Van Rooyen (1960:99 en 100), wat navorsing oor die kleinhoewes van Lyttleton en die Oosrand (tussen Kemptonpark en

Benoni) gedoen het, het ook bevind dat mans hoofsaaklik die gesinshoof is. Op die Lyttletonkleinhoewes is 96 persent van die gesinshoofde mans en op die Oosrandkleinhoewes 97 persent.

5.9 AARD VAN DIE VORIGE WOONPLEK

Tabel 5.24 is 'n uiteensetting van die aard van die vorige woonplek van die Blanke kleinhoewebewoners in die studiegebied.

TABEL 5.24 DIE AARD VAN DIE VORIGE WOONPLEK

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	VORIGE WOONPLEK		
	DORP	KLEINHOEWE	PLAAS
Annaton	33,3	33,3	33,4
Dreamlands	81,0	19,0	-
Ebenhaezerpark	66,7	33,3	-
Glendonald	80,0	12,9	7,1
Harmoniesrus	75,0	25,0	-
Helenasrust	82,6	8,7	8,7
Houtkop	73,8	19,0	7,2
Klipplaatdrift	100,0	-	-
Lenteland	92,3	7,7	-
McKay	96,0	4,0	-
Risi	88,9	11,1	-
Roods Gardens	72,2	11,1	16,7
Steelview	100,0	-	-
Unitaspark	69,6	19,3	11,1
Vandermerweskroon	80,0	20,0	-
Waterdal	75,9	20,7	3,4
Studiegebied	76,9	15,7	7,4

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Volgens tabel 5.24 blyk dit dat 76,9 persent van die respondente van 'n stedelike gebied afkomstig is, terwyl 15,7 persent vroeër ook op 'n kleinhoewe gewoon het en slegs 7,4 persent vroeër op 'n plaas woonagtig was. Die 76,9 persent

van die kleinhoewebewoners wat van stedelike gebiede afkomstig is, stem in 'n groot mate ooreen met navorsingsresultate oor die Potchefstroom-kleinhoewes (Schmitt en Venter, 1982:20; Schmitt en Henning, 1983:35 en Nieuwoudt, 1985:56).

Uit bogenoemde blyk dit dat stedelinge meer na die kleinhoewes uitwyk. Moontlike redes is die kleinhoewes wat digby die dorpsgebied van Vereeniging geleë is en in gevalle soos Roods Gardens en Unitaspark, selfs nader aan die sentrale dorpsgebied geleë is as sommige voorstede (vergelyk figuur 3.2 en figuur 5.8). 'n Verdere rede kan wees dat die kleinhoewe, soos reeds genoem, slegs as 'n residiënte gebied gesien word.

Uit persoonlike onderhoude tydens die navorsing, het dit geblyk dat die kleinhoewebewoners wat van plase afkomstig is (7,4 persent) en tans op die kleinhoewe woon, die kleinhoewe met sy meer landelike omgewing sien as 'n meer gesogte woonplek as die digter beboude stedelike gebied (vergelyk tabel 6.5).

Die provinsie van herkoms van die respondente word in tabel 5.25 uiteengesit.

Dit blyk uit tabel 5.25 dat 88,6 persent van die Blanke bewoners van die kleinhoewes in die studiegebied van Transvaal afkomstig is; 6,7 persent van die Oranje-Vrystaat; 3,2 persent van Kaapland; 0,9 persent van Natal en 0,6 persent van buite Suid-Afrika se grense.

Die Potchefstroom-kleinhoewes toon 'n ooreenkoms met die Vereeniging-kleinhoewes ten opsigte van herkoms van die bewoners. In beide gevalle is die meeste kleinhoewebewoners afkomstig uit Transvaal en die tweede meeste bewoners afkomstig uit die Oranje-Vrystaat (Schmitt en Venter, 1982:20; Schmitt en Henning, 1983:35; Nieuwoudt, 1985:58).

TABEL 5.25 PROVINSIE VAN HERKOMS VAN DIE KLEINHOEWEBEWONERS

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	TRANSVAAL	O.V.S.	KAAPLAND	NATAL	BUIE SUID-AFRIKA
Annaton	100,0	-	-	-	-
Dreamlands	95,2	-	-	-	4,8
Ebenhaezerpark	100,0	-	-	-	-
Glendonald	85,8	7,1	7,1	-	-
Harmoniesrus	75,0	16,7	-	8,3	-
Helenasrust	96,0	-	4,0	-	-
Houtkop	95,6	-	2,2	2,2	-
Klipplaatdrift	100,0	-	-	-	-
Lenteland	92,3	7,7	-	-	-
McKay	96,0	-	-	-	4,0
Risi	88,9	11,1	-	-	-
Roods Gardens	83,3	11,1	5,6	-	-
Steelview	100,0	-	-	-	-
Unitaspark	81,5	11,9	4,4	1,5	0,7
Vandermerweskroon	100,0	-	-	-	-
Waterdal	96,6	3,4	-	-	-
Studiegebied	88,6	6,7	3,2	0,9	0,6

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Volgens tabel 5.25 is al die respondente van Annaton, Ebenhaezerpark, Klipplaatdrift, Steelview en Vandermerweskroon slegs uit Transvaal afkomstig. Bogenoemde is almal kleiner kleinhoewegebiede.

Harmoniesrus is die kleinhoewegebied wat die meeste van die ander kleinhoewes verskil, deurdat h laer persentasie, naamlik 75 persent, van die respondente van Transvaal afkomstig is, 16,7 persent van die Oranje-Vrystaat en 8,3 persent van Natal (vergelyk tabel 5.25).

Tabel 5.26 toon die tydperk wat die kleinhoewebewoners op die kleinhoewes in die munisipale gebied van Vereeniging woonagtig is.

TABEL 5.26 TYDPERK WOONAGTIG OP DIE KLEINHOEWES

KLEINHOEWES- EN KLEINPLASIEGEBIED	TYDPERK IN JARE (PERSENTASIE)				
	0-5	6-10	11-15	16-20	21+
Annaton	40,0	-	20,0	-	40,0
Dreamlands	61,9	28,6	9,5	-	-
Ebenhaezerpark	66,7	-	-	-	33,3
Glendonald	42,9	32,9	15,7	5,7	2,8
Harmoniesrus	83,3	16,7	-	-	-
Helenasrust	12,0	24,0	32,0	12,0	20,0
Houtkop	31,1	17,8	22,2	11,1	17,8
Klipplaatdrift	100,0	-	-	-	-
Lenteland	23,1	30,7	38,5	7,7	-
McKay	12,0	20,0	40,0	16,0	12,0
Risi	44,4	27,8	22,2	-	5,6
Roods Gardens	36,1	16,7	8,3	2,8	36,1
Steelview	16,7	-	50,0	-	33,3
Unitaspark	33,3	24,1	18,4	11,3	12,9
Vandermerweskroon	60,0	25,0	5,0	5,0	5,0
Waterdal	48,3	13,8	10,3	13,8	13,8
Studiegebied	37,7	22,9	18,4	8,3	12,7

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Volgens tabel 5.26 is die tendens nie om lank op die klein-
hoewe te woon nie, aangesien die groep wat tussen 0 en 5
jaar daar woon 37,7 persent van alle respondente is, en dit
neem af tot die skrale 8,3 persent van alle respondente wat
16 tot 20 jaar daar woon. Die persone wat meer as 20 jaar
op die kleinhoewes woon, neem egter weer toe van die ge-
noemde 8,3 persent (16 tot 20 jaar) tot 12,7 persent (meer
as 20 jaar).

Uit tabel 5.26 blyk dit dat meer as die helfte van die res-
pondente van Dreamlands (61,9 persent), Ebenhaezerpark (66,7
persent), Harmoniesrus (83,3 persent), Klipplaatdrift (100
persent) en Vandermerweskroon (60 persent) minder as 5 jaar
op die kleinhoewe woon. Verder blyk dit uit tabel 5.26 dat

meer as die helfte van die respondente van Annaton (60 persent), Helenasrust (64,0 persent), Houtkop (51,1 persent), McKay Estates (68,0 persent) en Steelview (83,3 persent) langer as 10 jaar op die kleinhoewes woonagtig is.

Meer as die helfte (57,4 persent) van Unitaspark (waar 29,2 persent van die studiegebied se Blanke bevolking woonagtig is) se respondente woon minder as 10 jaar op hul hoewes, ten spyte daarvan dat hierdie kleinhoewegebied reeds sedert 1935 bestaan.

5.10 KORTTERMYN BEWEGINGSPATRONE

Uit persoonlike onderhoude met die respondente tydens die navorsing blyk dit dat met die hedendaagse hoë vervoerkoste en 'n tekort aan tyd as gevolg van 'n gejaagde leefwyse, afstand as 'n negatiewe faktor vir die kleinhoewebewoner, wat nie hulle beroep op die kleinhoewe beoefen nie, beskou moet word. Die kleinhoewebewoner spandeer dikwels baie meer tyd en geld aan vervoer om basiese fasiliteite en dienste, soos die kerk, skool, kleinhandel, vriende en ontspanningsgeriewe te bereik (vergelyk tabel 5.27) as sy stedelike eweknie. Die voornemende kleinhoewebewoner moet bogenoemde fasette van kleinhoewebewoning deeglik in aanmerking neem.

Tabel 5.27 toon die verskillende kleinhoewegebiede en hulle onderskeie afstande na die sentrale sakekern aan (vergelyk ook figuur 5.8). Bogenoemde tabel 5.27 en figuur 5.8 moet in gedagte gehou word by die bestudering van paragraaf 5.10.

TABEL 5.27 AFSTAND VAN KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIEDE
NA DIE SENTRALE SAKEKERN

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	AFSTAND TUSSEN KLEINHOEWEGEBIED EN SENTRALE SAKEKERN (KILOMETER)
Annaton	16,8
Dreamlands	16,2
Ebenhaezerpark	11,3
Glendonald	13,5
Harmoniesrus	9,6
Helenasrust	12,4
Houtkop	13,0
Klipplaatdrift	15,0
Lenteland	13,4
McKay	7,2
Risi	8,4
Roods Gardens	7,7
Steelview	15,8
Unitaspark	9,0
Vandermerweskroon	8,6
Waterdal	17,0

Bron: VELDOPNAME, 1986.

5.10.1 AFSTAND NA DIE WERKPLEK

Tabel 5.28 is 'n uiteensetting van die afstande wat daaglik deur die respondente afgelê moet word na hulle onderskeie werkplekke. Die tabel sluit nie pensioenarisse in nie.

Uit tabel 5.28 blyk dit dat 14,6 persent van die kleinhoewebewoners baie naby (0-3 kilometer) aan hulle werkplekke woonagtig is. Bogenoemde is die gevolg van kleinhoewegebiede soos Unitaspark en Roods Gardens wat aanliggend is aan die stedelike gebied (vergelyk figure 3.2 en 5.8). Genoemde kleinhoewegebiede is nader aan die sentrale sakekern as sommige van die stedelike woonbuurtes. 'n Verdere rede is die ligging van die nywerhede in die periferie.

TABEL 5.28 DIE AFSTAND TUSSEN WOONPLEK EN WERKPLEK

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	AFSTAND IN KILOMETER (PERSENTASIE)					
	0-3	4-6	7-10	11-20	21-40	40+
Annaton	-	-	-	25,0	25,0	50,0
Dreamlands	-	-	10,5	52,6	21,1	15,8
Ebenhaezerpark	50,0	-	50,0	-	-	-
Glendonald	17,8	4,8	27,4	30,6	4,8	14,6
Harmoniesrus	9,1	9,1	63,6	9,1	-	9,1
Helenasrust	-	-	17,6	70,6	5,9	5,9
Houtkop	13,2	5,3	18,4	50,0	7,9	5,2
Klipplaatdrift	-	-	-	-	-	100,0
Lenteland	-	8,3	16,7	50,0	16,7	8,3
McKay	15,8	26,4	36,8	10,5	-	10,5
Risi	13,3	6,7	46,6	20,0	6,7	6,7
Roods Gardens	13,0	21,7	43,5	17,4	-	4,4
Steelview	-	-	100,0	-	-	-
Unitaspark	20,0	23,2	24,8	16,8	4,0	11,2
Vandermerweskroon	16,7	11,1	38,9	27,8	-	5,5
Waterdal	15,0	5,0	10,0	60,0	5,0	5,0
Studiegebied	14,6	12,7	27,4	29,4	5,4	10,5


Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Die 12,7 persent van die kleinhoewebewoners wat daaglik tussen 4 tot 6 kilometer na hulle werkplekke aflê, sluit in 'n groot mate aan by die 0 tot 3 kilometergroep.

Die meeste kleinhoewebewoners, ongeveer 56,8 persent, reis daaglik as 'n enkelrit tussen 7 en 20 kilometer tussen hulle woonplek en werkplek, aangesien die meeste kleinhoewes/kleinplasies verder as 10 kilometer van die sentrale dorpsgebied geleë is (vergelyk tabel 5.17 en figuur 5.8).

'n Interessante verskynsel uit tabel 5.28 is die groot aantal inwoners (10,5 persent) wat daaglik 'n afstand van verder as 40 kilometer tussen woonplek en werkplek moet aflê. Hierdie groep kleinhoewebewoners bestaan hoofsaaklik uit



FIGUUR 5.5 VERVOER TUSSEN WOONPLEK EN WERK-
PLEK

persone wat in ander stedelike gebiede, behalwe Vereeniging, werk.

Sommige kleinhoewebewoners wat naby die stedelike gebied woon, byvoorbeeld in Unitaspark, reis daagliks lang afstande na plekke soos Johannesburg om te gaan werk, terwyl ander kleinhoewebewoners wat verder van Vereeniging woonagtig is, byvoorbeeld in Glendonald, daagliks minder as 5 kilometer na Meyerton reis.

'n Interessante verskynsel wat in tabel 5.28 waargeneem kan word, is dat die mees noordelike groep kleinhoewes, naamlik Annaton, Dreamlands en Steelview, geen respondent het wat nader as 7 kilometer van sy/haar werkplek af woon nie.

Die bereikbaarheid van die werkplek word in 'n groot mate deur die vervoermiddel, wat daagliks deur die kleinhoewebewoner tussen woonplek en werkplek gebruik word, weerspieël.

Tabel 5.29 en die grafiese voorstelling (figuur 5.5) gee 'n uiteensetting van die vervoermiddels wat daagliks gebruik word om die werkplek te bereik (Pensioenarisse is buite rekening gelaat).

Die mees algemene vervoermiddel, soos aangedui in tabel 5.29, is die motor. Die motor word daagliks deur 92,2 persent van die kleinhoewebewoners gebruik om hulle werkplek te bereik. Die inwoners van Annaton, Ebenhaezerpark, Glendonald, Klipplaatdrift, McKay Estates, Steelview en Vandermerweskroon gebruik slegs die motor as vervoermiddel om hulle onderskeie werkplekke te bereik.

Die aantal respondente wat van busse gebruik maak om hulle werkplek te bereik, is besonder min, slegs 1,6 persent. Die rede vir bogenoemde is dat die busvervoer vir Blankes in Vereeniging baie beperk is. Die enigste kleinhoewebewoners wat dus van openbare busse gebruik kan maak, is dié woonagtig in die suidelike gedeelte van Houtkop (aangrensend aan Sonlandpark), Harmoniesrus en Risikleinplasies. Die ander

respondente wat busse gebruik om hulle werkplek te bereik, naamlik dié van Dreamlands en Unitaspark (vergelyk tabel 5.29), maak gebruik van privaat busdienste (Vaal Transport Maatskappy, 1986).

Die 1,3 persent van die kleinhoewebewoners wat h motorfiets gebruik om hulle werkplekke te bereik, gebruik dié spesifieke vervoermiddel aanvullend tot h motor. Die hoofooringing vir die gebruik van die motorfiets blyk vervoerkostes te wees.

Die enigste respondente wat hulle werkplekke bereik deur te stap, is h aantal inwoners van Unitaspark, moontlik omdat Unitaspark teenaan die stedelike gebied geleë is. Die ander kleinhoewegebiede is te ver van die stedelike gebied af geleë om te stap (vergelyk tabel 5.29 en figuur 5.8).

TABEL 5.29 VERVOERMIDDEL TUSSEN WERKPLEK EN WOONPLEK VAN DIE KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEBEWONERS

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	VERVOERMIDDEL (PERSENTASIE)					
	STAP	FIETS	MOTORFIETS	MOTOR	BUS	ANDER
Annaton	-	-	-	100,0	-	-
Dreamlands	-	-	-	90,0	5,0	5,0
Ebenhaezerpark	-	-	-	100,0	-	-
Glendonald	-	-	-	100,0	-	-
Harmoniesrus	-	8,3	-	91,7	-	-
Helenasrust	-	-	-	94,4	-	5,6
Houtkop	-	-	2,8	86,1	2,8	8,3
Klipplaatdrift	-	-	-	100,0	-	-
Lenteland	-	-	7,7	92,3	-	-
McKay	-	-	-	100,0	-	-
Risi	-	-	-	93,8	6,2	-
Roods Gardens	-	-	4,5	95,5	-	-
Steelview	-	-	-	100,0	-	-
Unitaspark	6,2	0,8	1,6	87,5	2,3	1,6
Vandermerweskroon	-	-	-	100,0	-	-
Waterdal	-	-	-	90,0	-	10,0
Studiegebied	2,1	0,5	1,3	92,2	1,6	2,3

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

5.10.2 AFSTAND NA SKOLE

Tabel 5.30 is 'n uiteensetting van die afstande wat die kleinhoewekinders daaglik moet aflê na hulle onderskeie primêre en sekondêre skole.

Figuur 5.6 is 'n grafiese voorstelling van die skoolgaande kinders (primêre en sekondêre skole) en die afstand wat daaglik afgelê moet word om die skole te bereik.

'n Interessante verskynsel wat uit die navorsing na vore gekom het, is dat die verhouding van gesinne met kinders in die primêre skool (47,2 persent) omtrent dieselfde is as die aantal gesinne met kinders in die sekondêre skool (48,1 persent).

Uit tabel 5.30 en figuur 5.6 blyk dit dat 69,7 persent van die leerlinge in die primêre skool 5 kilometer en nader aan die skool woon en 91,9 persent van alle laerskoolleerlinge nader as 10 kilometer. Bogenoemde word verklaar deurdat daar twee primêre skole binne die kleinhoewegebiede geleë en twee ander primêre skole op die grense van die stedelike gebied geleë is.

Die beleid van die Provinsiale Administrasie is om leerlinge wat verder as 3 kilometer van die skool af woon per bus na die skool te vervoer. Dit is dus duidelik dat die meerderheid kleinhoewekinders per bus skool toe gaan, met die gevolg dat buitemuurse aktiwiteite met meer moeite beoefen word (Verster, 1986 : mondelinge meedeling).

In die studiegebied is twee kleinhoewegebiede, naamlik Ebenhaezerpark en Klipplaatdrift, waar geen laerskoolleerlinge woonagtig is nie (vergelyk tabel 5.30). Slegs in die mees noordelike kleinhoewegebiede, naamlik Waterdal, Dreamlands en Houtkop, is laerskoolleerlinge wat verder as 16 kilometer van hulle skole af woon.


Uit tabel 5.30 blyk dit dat 43,5 persent van die leerlinge in sekondêre skole nader as 5 kilometer en 82,2 persent

TABEL 5.30 AFSTAND TUSSEN SKOLE EN WOONPLEK VIR DIE KLEINHOEWEEKIND

KLEINHOEWEE- EN KLEINPLASIEGEBIED	PRIMÊRE SKOOL (PERSENTASIE)						SEKONDÊRE SKOOL (PERSENTASIE)					
	0-5	6-10	11-15	16-20	20+km		0-5	6-10	11-15	16-20	20+km	
Annaton	50,0	50,0	-	-	-	-	-	100,0	-	-	-	-
Dreamlands	60,0	-	20,0	-	20,0	-	-	12,5	50,0	25,0	12,5	-
Ebenhaezerpark	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Glendonald	30,8	57,7	11,5	-	-	-	7,9	57,9	31,6	-	2,6	-
Harmoniesrus	100,0	-	-	-	-	-	80,0	20,0	-	-	-	-
Helenasrust	30,0	60,0	10,0	-	-	-	71,5	14,3	7,1	-	7,1	-
Houtkop	28,6	66,7	-	-	4,7	-	68,4	26,3	-	-	5,3	-
Klipplaatdrift	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Lenteland	50,0	33,3	16,7	-	-	-	25,0	62,5	12,5	-	-	-
McKay	33,3	66,7	-	-	-	-	41,7	25,0	8,3	8,3	16,7	-
Risi	87,5	12,5	-	-	-	-	100,0	-	-	-	-	-
Roods Gardens	93,3	6,7	-	-	-	-	26,7	73,3	-	-	-	-
Steelview	100,0	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Unitaspark	93,9	4,1	2,0	-	-	-	53,5	37,2	3,5	2,3	3,5	-
Vandermerwesroon	90,0	10,0	-	-	-	-	90,0	10,0	-	-	-	-
Waterdal	9,1	18,2	45,4	18,2	9,1	-	-	42,8	28,6	14,3	14,3	-
Studiegebied	69,7	22,2	5,9	0,9	1,3	-	43,5	38,7	10,7	2,7	4,4	-

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0



FIGUUR 5.6 AFSTAND VAN DIE KLEINHOEWES NA SKOLE

BRON: Vraelysopname, 1986

nader as 10 kilometer van die skool af woon. Die rede vir die groter persentasie (69,7 persent) kinders in primêre skole wat nader as 5 kilometer van hulle skole af woon teenoor die kleiner persentasie (43,5 persent) kinders in sekondêre skole wat nader as 5 kilometer woon, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar in Vereeniging baie meer primêre skole as sekondêre skole is.

Ongeveer 17,8 persent van die leerlinge in die sekondêre skool woon verder as 10 kilometer van die skool. Dit kan waarskynlik verklaar word deur die redelik sentrale ligging van die enigste tegniese skool, 'n aantal hoërskole asook die enigste spesiale skool.

In die studiegebied is daar die kleinhoewegebiede, naamlik Ebenhaezerpark, Klipplaatdrift en Steelview, waar geen hoërskoolleerling woon nie.

In die munisipale gebied van Vereeniging is die verhouding van Afrikaanse tot Engelse skole ten opsigte van primêre skole 3 tot 1 (9 Afrikaans en 3 Engels) en ten opsigte van sekondêre skole 3 tot 2 (Verster, 1985 : mondelinge mededeling). Uit bogenoemde blyk dit dus dat die Engelssprekende leerlinge oor die algemeen, daaglik groter afstande na hulle onderskeie skole moet aflê as die Afrikaanssprekende leerlinge. Die langer afstande wat die Engelssprekende leerlinge na die skole aflê, het egter 'n klein invloed op die gegewens in tabel 5.30 aangesien slegs 8,7 persent van die kleinhoewegesinne Engelssprekend is.

5.10.3 AFSTAND NA INKOPIESENTRUMS

Tabel 5.31 is 'n uiteensetting van die inkopiesentrums in die studiegebied wat deur die Blanke kleinhoewebewoners ondersteun word. Die respondente is in die vraelys gevra om twee inkopiesentrums aan te dui waar maandeliks die meeste geld gespandeer word.

TABEL 5.31 INKOPIESENTRUM WAT DEUR DIE KLEINHOEWEBEWONERS ONDERSTEUN WORD

KLEINHOEWES- EN KLEINPLASIES	INKOPIESEENTRUMS (PERSENTASIE)									
	SENTRAAALDORP	DRIE RIVIERE	RIVER SQUARE	INDIËR PLAZA	BEDWORTHPARK	ARCONPARK	ANDER			
Annaton	-	-	40,0	-	-	40,0	20,0			
Dreamlands	30,4	4,3	-	-	8,7	43,5	13,1			
Ebenhaezerpark	-	-	-	-	-	100,0	-			
Glendonald	21,9	38,4	13,7	-	12,3	4,1	9,6			
Harmoniesrus	50,0	-	-	-	16,7	33,3	-			
Helenasrust	34,5	-	-	-	17,2	44,8	3,5			
Houtkop	34,0	4,0	-	-	26,0	32,0	4,0			
Klipplaatdrift	-	-	100,0	-	-	-	-			
Lenteland	38,5	7,7	7,7	-	-	46,1	-			
McKay	15,4	46,2	15,4	-	-	19,2	3,8			
Risi	5,6	50,0	44,4	-	-	-	-			
Roods Gardens	53,5	4,7	-	2,3	18,6	20,9	-			
Steelview	33,3	-	-	-	16,7	50,0	-			
Unitaspark	41,6	2,6	3,2	-	13,7	36,3	2,6			
Vandermerweskroon	18,2	-	9,1	-	18,2	50,0	4,5			
Waterdal	51,7	3,4	-	-	13,8	17,3	13,8			
Studiegebied	34,9	11,1	6,4	0,2	13,6	29,3	4,5			

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

Uit tabel 5.31 blyk dit dat die sentrale sakekern nie sy belangrikheid as inkopiesentrum by die kleinhoewebewoners verloor het nie. Moontlike redes vir die hoë besoeksyfer van 34,9 persent aan die sentrale sakekern, is die feit dat die Roods Gardenskleinhoewes slegs ongeveer 7,7 kilometer en die Unitasparkkleinhoewes 9 kilometer van die sentrale sakekern geleë is. Genoemde kleinhoewegebiede verteenwoordig ongeveer die helfte (50,5 persent) van al die bewoonde kleinhoewes en kleinplasies in die studiegebied. Ook moet gekyk word na die aantal funksies wat deur die sentrale sakekern gehuisves word, in vergelyking met die kleiner inkopiesentrums in die woonbuurte (soos genoem in die vraelys). Die moderne Markparkkompleks, met sy gerieflike parkeerplek, kan ook as 'n trekpleister na die sentrale sakekern dien.

Faktore wat volgens die respondente die sentrale sakekern as inkopiesentrum benadeel, is die verkeersdrukte, parkeerprobleme, veiligheidsrisiko's en die teenwoordigheid van groot massas Swartmense.

Die woonbuurt-inkopiesentrum wat die meeste besoek word, is die Arconparksentrum (29,3 persent). Die gewildheid van hierdie inkopiesentrum onder die kleinhoewebewoners is tweeledig van aard. Eerstens is dit 'n toeganklike eenstop-inkopiesentrum met voldoende parkeerruimte en tweedens is dit vir die meeste kleinhoewegebiede noord van Vereeniging die naaste inkopiesentrum (vergelyk figuur 3.2).

Die groter Bedworthparksentrum word slegs deur 13,6 persent van die kleinhoewebewoners besoek. Moontlike redes vir die kleiner besoekerstal is die ongunstige ligging ten opsigte van die meeste kleinhoewegebiede en die nabygeleë Sharpeville, met die gevolg dat baie Swartmense die sentrum ondersteun.

Dit blyk verder uit die navorsing dat die Blanke kleinhoewebewoners die meer rustige en gerieflike inkopiesentrums besoek wat minder deur die Swartmense van die Vaaldriehoek besoek word. Hieruit blyk die toenemende belangrikheid, ten opsigte van hul minder toeganklikheid, van die Drie Riviere-

(11,1 persent) en River Squaresentrums (6,4 persent). Die Indiër Plaza word swak ondersteun (0,2 persent), moontlik as gevolg van die eenkant ligging van die Plaza en die aard van die goedere wat verkoop word. Slegs respondente van Roods Gardens het aangedui dat hulle die Plaza ondersteun (tabel 5.31).

Ander sentrums wat deur sommige kleinhoewebewoners ondersteun word, is sentrums in plekke soos: Sasolburg, Vanderbijlpark, De Deur, Alberton en Johannesburg. Bogenoemde sentrums word besoek as gevolg van die nabyheid van die kleinhoewebewoner se werkplek.

5.11 VRYETYDSBESTEDING

Volgens die meeste kleinhoewebewoners is die kleinhoewe die beste plek om vryetyd te verwy. Deur daaglikse take op die kleinhoewe te verrig, word afleiding van beroepspanning verkry. Die gesinsverhouding en onderlinge kameraadskap word versterk deur die gesamentlike aanpak van take op die kleinhoewe as 'n metode van vryetydsbesteding.

Uit die navorsing blyk dit dat 82,8 persent van die kleinhoewegesinne nie aan georganiseerde sport deelneem nie. Die 17,2 persent wat wel aan georganiseerde sport deelneem, dui dus op 'n laer persentasie as deur die R.G.N.-Sportondersoek vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika vasgestel. Die R.G.N.-Sportondersoek (1982:337) het bepaal dat 20 persent van die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika aan georganiseerde sport deelneem.

Tabel 5.32 en figuur 5.7 gee 'n uiteensetting van die verskillende sportsoorte waaraan die kleinhoewegesinne deelneem. By die bestudering van die gegewens moet egter onthou word dat rugby, korfbal, netbal, hokkie, sokker, atletiek en swem hoofsaaklik deur skoolkinders beoefen word.

'n Opvallende verskynsel uit tabel 5.32 is die gewildheid (ander sportsoorte uitgesluit) van die sportsoorte wat individueel beoefen word (63,1 persent), naamlik tennis,


TABEL 5.32 SPORTSOORTE WAARAAN KLEINHOEWEBEWONERS DEELNEEM

KLEINHOEWEN- EN KLEINPLASIEGEBIED	SPORTSOORTE (PERSENTASIE)															
	Rugby	Sokker	Tennis	Muurbal	Ghoft	Jukskei	Rotbal	Korfbal	Pluimbal	Swem	Atletiek	Padwedloop	Hokkie	Ysskaats	Kegelespel	Ander
Annaton	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Dreamlands	-	14,3	14,3	14,3	14,3	-	-	-	-	-	14,3	14,3	-	-	-	28,6
Ebenhaezerpark	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Glendonald	14,3	5,7	12,9	8,6	12,9	-	1,4	1,4	7,1	10,0	5,7	1,4	-	-	-	14,3
Harmoniesrus	15,8	-	15,8	26,3	15,8	-	5,3	-	10,4	5,3	-	-	-	-	-	5,3
Helenasrust	-	-	22,2	11,1	22,2	-	-	-	11,1	22,2	-	11,2	-	-	-	-
Houtkop	16,7	-	-	-	16,7	-	-	-	-	16,7	-	-	-	-	-	41,7
Klipplaatdrift	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Lenteland	14,3	-	28,6	14,3	-	-	-	-	-	28,6	-	-	-	-	-	-
McKay	18,8	-	25,0	6,2	18,8	-	-	-	6,2	12,5	-	-	-	-	-	12,5
Risi	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	100
Roods Gardens	10,5	-	-	10,5	10,5	-	-	-	5,3	15,9	10,5	5,3	10,5	-	-	10,5
Steelview	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Unitaspark	16,1	-	12,1	5,6	8,1	-	0,8	1,6	6,5	18,5	8,9	0,8	-	1,6	-	12,9
Vandermerweskroon	-	-	12,5	25,0	25,0	-	-	-	12,5	-	-	-	-	-	-	12,5
Waterdal	33,3	-	-	-	-	-	-	-	-	33,3	-	-	-	-	-	33,4
Studiegebied	14,1	1,3	12,5	8,8	11,4	0,0	0,7	1,0	6,4	14,8	6,1	1,3	0,7	0,7	14,5	14,5

Bron: VRAELYSOPNAME, 1986.

- beteken 0

FIGUR 5.7 SPORTSOORTE WAARAAN KLEINHOEWEBEWONERS DEELNEEM



muurbal, gholf, rolbal, pluimbal, swem, atletiek, padwedloop, ysskaats en kegelspel. Oor die algemeen blyk dit dat atletiek (14,8 persent), rugby (14,1 persent), tennis (12,5 persent), gholf (11,4 persent) en muurbal (8,8 persent) die gewildste sportsoorte is.

h Verdere opvallende verskynsel is dat die kleinhoewebewoners van Annaton, Ebenhaezerpark, Klipplaatdrift, Risi en Steelview byna glad nie aan sport deelneem nie (vergeelyk tabel 5.32).

Volgens tabel 5.32 word sportsoorte soos sokker (1,3 persent), jukskei (0,0 persent), rolbal (0,7 persent), pluimbal (1,0 persent), hokkie (1,3 persent), ysskaats (0,7 persent) en kegelspel (0,7 persent) baie min of glad nie deur die kleinhoewebewoners beoefen nie.

Dit blyk ook dat die inwoners van Glendonald-, Roods Gardens- en Unitasparkkleinhoewes die grootste verskeidenheid sportsoorte beoefen.

Soos reeds genoem in paragraaf 5.10.2, bereik die meeste kleinhoewekinders daagliks hulle skole deur middel van busvervoer. Die busse vertrek direk na skool terug na die kleinhoewegebiede en sport moet dus met meer moeite beoefen word. h Groot voordeel vir die busleerlinge, wat sport wil beoefen, is die hedendaagse sportperiodes wat by sommige skole ingestel is om sodoende meer leerlinge die geleentheid te gee om aan sport deel te neem.

Die soomligging van die kleinhoewes, wat groot afstande en vervoerkoste teweegbring, is waarskynlik ook h rede waarom sportbeoefening deur die kleinhoewebewoners persentasiege-wys laag is.

5.12 REISTYD NA DIE SENTRALE DORPSGEBIED

Die sentrale sakekern kan as die kommersiële hart van die dorp of stad beskou word as gevolg van die groot aantal


funksies teenwoordig. Die verskillende funksies wat deur die inwoners in die sentrale sakekern benodig of besoek word, is: kleinhandel, finansiële instellings, professionele dienste, administratiewe dienste en vermaaklikheidsdienste (Van der Merwe en Nel, 1975:167). Uit bogenoemde is dit duidelik dat die sentrale sakekern deur byna alle inwoners van Vereeniging besoek sal word vanweë die sentripetale krag wat die gebied uitoefen.

Bogenoemde word aangevul deur tabel 5.31 wat aantoon dat die meeste kleinhoewebewoners (34,9 persent) die meeste van hulle geld per maand in die sentrale sakekern spandeer (vergelyk paragraaf 5.10.3). Die reistyd van die kleinhoewes na die sentrale sakekern, moet dus as belangrik beskou word. Die vereenvoudigde isochronekaart (figuur 5.8) toon die verskillende kleinhoeuwegebiede met hulle onderskeie reistye na die sentrale sakekern aan.

Die navorsing - om die isochronekaart saam te stel - is in die middag gedoen. Reistye kan verander afhangende van die tyd van die dag. Die poskantoor is tydens hierdie studie as die sentrum van die sentrale dorpsgebied gebruik. Die bepaalde spoedgrense is te alle tye, tydens die navorsing, gehandhaaf.

Uit die isochronekaart (figuur 5.8) blyk dit dat die kortste reistyd, tussen 'n kleinhoeuwegebied en die sentrale dorpsgedeelte, 5 minute na 'n gedeelte van Unitaspark is, terwyl die langste reistyd 20 minute na die Klipplaatdriftkleinplasies is. Al die ander kleinhoewes en kleinplasies se reistye na die sentrale dorpsgebied wissel tussen 5 en 20 minute.

Roods Gardens se reistyd na die sentrale dorpsgebied stem in 'n groot mate ooreen met die van Unitaspark. By beide kleinhoeuwegebiede is die kortste reistyd ongeveer 5 minute en die langste reistyd tot by die verste afstand vanaf die sentrale dorpsgebied 9 minute. Die verste afstand vanaf Unitaspark tot by die dorpsgebied is 9 kilometer, terwyl Roods Gardens se verste afstand 7,7 kilometer is (vergelyk



FIGUUR 5.8 VEREENVOUDIGDE ISOCHRONEKAART

BRON: S A Republiek, 1980; Veldopname, 1986

tabel 5.27). Om die verste punt van Unitaspark te bereik, word langer reguitafstande afgelê en daar is minder draaie en verkeerskruisings as na Roods Gardens.

'n Interessante verskynsel wat op figuur 5.8 waargeneem kan word, is die reistyd na die Waterdalkleinboewes via die oostelike roete oor Ebenhaezerparkkleinboewes of via die westelike roete langs die Houtkopkleinplasië. Beide die genoemde roetes se reistyd is ongeveer 16 minute, terwyl die westelike roete 17 kilometer lank is teenoor die oostelike roete se afstand van 18,5 kilometer. Uit die navorsing blyk dit dat die inwoners van Waterdal die westelike roete verkies.

Die noordelike groep kleinboewes, naamlik Annaton, Steelview en Dreamlands, is die verste (reguitafstand is ongeveer 15 kilometer) van die sentrale dorpsgebied af geleë, terwyl die reistyd ook 15 minute is. Van die Klipplaatdriftkleinplasië aan die oostekant is die reguitafstand na die sentrale dorpsgebied relatief kort (5 kilometer), terwyl die reistyd 20 minute en die reisafstand 15 kilometer is. Die rede vir bogenoemde reistyd en reisafstand is die groot draai wat gery moet word. Die roete word beïnvloed deur die Suikerbosrantrivier wat net op een plek - buite die munisipale gebied - gekruis kan word. Verder is die pad ook in 'n baie swak toestand. Die rede vir die toestand van die pad is moontlik omdat slegs twee gesinne die pad gebruik.